

19 Junie

**Skrifgedeelte: Esra 9 en 10
Fokusgedeelte: Esra 10:2-4**

Heilige egskeiding?

Die mooi boek Esra eindig met meer as 'n honderd egskeidings! Agt en twintig daarvan is nogal egskeidings deur "dominees" of mense wat vir die kerk werk (10:18-24). Wat meer is, hierdie egskeidings vind plaas op "kerklike bevel" (10:3) sonder inspraak of sensitiviteit vir die gevoelens van mans, vroue of kinders. Hulle word gewoon "weggestuur" (10:44). As dit in ons tyd sou gebeur, was dit voorbladnuus!

Hierdie gebeurtenis het darem 'n geskiedenis. Die Israëliete het met die terugkeer uit ballingskap 'n skriftelike kontrak met God geteken dat hulle nie met heidene sou trou nie (Neh 10:30). Heidense afgodsdienste deur Israel was juis die rede vir ballingskap (10:10-13). Dit gaan dus hier nie om suiwerheid van ras nie, maar om suiwerheid van godsdienste (10:14). En onthou, die eintlike bedreiging is die verhinderende van die geboorte van Christus uit die geslag van Dawid, die Koning van die koninkryk!

Kan ons uit hierdie Skrifgedeelte aflei dat alle gelowiges wat met ongelowiges getroud is, nou verplig is om te skei? Paulus (1 Kor 7:12-16) en Petrus (1 Pet 3:1-2) sê: "Nee". Noudat die Koning van die koninkryk gekom het, moet ongelowige huweliksmaats vir Christus en sy koninkryk gewen word! 'n Ongelowige lewensmaat kan 'n roeping wees.

Besef eerder: Die koninkryk van God kom met onstuitbare momentum. Wat 'n voorreg om deel te wees van daardie momentum! Hieroor moet ons juig en getuig! Wie egter met sy lewe of deur ongehoorsaamheid in die pad van daardie momentum staan, verkeer in dodelike gevaar.

Sing: Psalm 145:1,4

Dr WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)